

28 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:11-16
Fokusgedeelte: Lukas 15:13

Wegbreek ... of gehoorsaam

Vanuit hierdie bekende gelykenis van die verlore seun word daar vandag op die eerste deel gefokus en môre op die tweede deel. Volgens die familiereg van destyds was dit ongehoord dat 'n kind erf terwyl die pa nog leef. In hierdie gelykenis is dit egter anders. Die jongste seun ontvang van sy liefdevolle vader sy erfgeld en hy vertrek. Die vader dwing hom nie om te bly nie. Nog minder weerhou hy sy erfposisie van hom. Nee, hy laat die seun gaan. En waar die seun beeld is van jou en my en die vader beeld van ons hemelse Vader, leer ons hier dat God géén mens dwing nie. Ja, God wil nie gedwonge godsdiens hê nie. Godsdiens is 'n saak van geloof en genade! Hierdie seun het dus as't ware weggebreek van sy vader, soos Adam in ongehoorsaamheid weggebreek het van God. Esau het dit ook gedoen asook Saul en die bruid van Hooglied. Die seun neem egter, ironies genoeg, eers die gawe uit die vaderhand voordat hy vertrek. "Pa gee my die deel van die besittings wat my toekom". Later sou hy sy fout besef. Genadiglik is dit nóóit te laat nie. Ons hoef nie weg te breek om gawes van die Here te ontvang nie. Nee, by God ons Vader alleen is genade; by Christus is verlossing; in die kerk van Christus gemeenskap en in die Bybel lig en liefde. Daarom breek ons nie weg van God nie, maar leef in afhanklikheid en gehoorsaamheid in die volle gemeenskap van ons hemelse Vader. Mag ons ook vandag daardie liefde en genade van die Here God besef en beleef!

Sing: Psalm 99:1,3

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)